higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

BESTUURSKOMMUNIKASIE N4
(Eerste Vraestel)

24 MEI 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 7 bladsye.

Kopiereg voorbehou

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie is slegs 'n riglyn. Enige aanvaarbare antwoord, wat die korrekte inligting soos in die bylae bevat, is korrek.

2. Indien die punt vir die inhoud van 'n antwoord minder is as die helfte van die aangeduide punt, word die punt vir taal gehalveer.

3. 'n Reël moet oopgelaat word tussen paragrawe, die datum, binneadres, aanhef en inhoudsopskrif asook voor die afsluiting (Die uwe) – dit word nie aangedui nie. Indien 'n reël nie oopgelaat is nie, is dit minus 1 van die uitleg.

4. Taal, spelling en styl word gepenaliseer met 'n halfpunt per fout. Die punte word negatief bepunt.

VRAAG 1: PRÉCIS

OPSKRIF✓

- Verskillende reaksies: joernalis; interessant tot lees nie koerant nie; slegte nuus✓
- Dertig jaar gelede: sprinkaanplaag; slegste nuus✓
- Deesdae koffie nie nodig nie; kleinhuisie
- Voorblad: drie gesinslede met byl doodgekap✓
- Bl. 2: adjunkminister hoër onderwys vrou aangerand; het beweer hy is gay✓
- Bl. 6: moord in huisbraak op 80-jarige; man van Kuilsrivier in huis vermoor✓
- Twee mans in Middelburg plaaswerker in doodskis gedwing✓
- Onvoorbereid op hartverskeurende storie✓
- Vingers kan nie tik nie✓
- Brenda Sithole selfdood. vrees vir uitskop uit skool; het nie ID nie✓
- Briefie: geen toekoms nie; vir altyd spook✓

LET WEL: Bogenoemde is slegs riglyne en insette van studente is ook korrek indien binne konteks.

INHOUD	LOGIESE SAMEHANG	TAAL	WOORDE	OPSKRIF
10	4	4	1	1

[20]

VRAAG 2: TELEFOONBOODSKAP

Erken punte slegs tot by 100 woorde.

LET WEL: Laat speling van VYF woorde toe
Volsinne
Slegs EEN paragraaf

TELEFOONBOODSKAP	
AAN: Eie naam✓ DATUM: 3 April 2019✓ TYD: enige✓ ☒ Het geskakel✓ Skakel terug	VAN: Maretta Bellingan✓ FIRMA: Rapport✓ TEL: enige (kantoor – ure)✓ Sal weer skakel ☒ Verlang 'n afspraak✓
BOODSKAP: Maretha Bellingan het geskakel.✓ Sy het die Sithole-artikel in *Rapport* geskryf✓ en wil graag 'n onderhoud met u voer✓ vir plasing in *Rapport.*✓ BOODSKAP GENEEM DEUR: Rina Burger✓	

INHOUD	**TAAL/STYL**
10 merk negatief -1	-1 per fout

[10]

VRAAG 3: KLAGBRIEF

SITHOLE-AFVAARDIGING∗

Tel: Enige toepaslike∗
Faks: Enige toepaslike∗

Adres: Enige toepaslike∗
Enige toepaslike∗
Kode: Enige∗

Datum voluit geskryf∗ Ná 3 APRIL 2019

Mnr. D Brink∗
Kantoor van Minister van Onderwys∗
∗
Adres∗
STAD∗
Kode∗

Geagte Mnr. Brink∗
Reël oop∗
KLAGTE: ONAANVAARBARE DIENS∗

Ses weke gelede het ek telefonies en per e-pos met u kantoor kontak gemaak rakende 'n afspraak met die minister oor die Sithole-geval.✓✓ Ek was beïndruk met me. Kampher se professionele optrede en het staatgemaak op haar spoedige terugvoer. Ongelukkig het daar nou iets gebeur wat my teleurgestel het.✓✓

Me. Kampher sou binne twee weke terugvoer gee.✓ Haar terugvoer is dringend nodig aangesien ons reeds besig is met reëlings✓ om 'n afvaardiging van tien studente uit ons Bestuurskommunikasieklas te organiseer. Ons probeer ook Bestuurs-kommunikasiestudente van ander kolleges landswyd betrek.✓

Ek is baie ontsteld aangesien ek staatgemaak het op me. Kampher se verbale beloftes.✓

Ek verneem graag wat die plan van aksie is en verwag om spoedig van u te hoor.✓ Ek is seker dat u 'n oplossing kan voorstel.

Wees asseblief verseker van ons volgehoue ondersteuning.✓ (Welwillendheidslot)

Die uwe

Teken∗

NAAM∗

AMPSHOEDANIGHEID∗

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
11	4	5

[20]

VRAAG 4: ONDERSOEKVERSLAG

KOLLEGE NAAM∗

ONDERSOEKVERSLAG NA BELANGSTELLING BY BESTUURSKOMMUNIKASIE-STUDENTE OP DIE TUISKAMPUS ASOOK BESTUURSKOMMUNIKASIE-STUDENTE OP KAMPUSSE LANDSWYD T.O.V. 'N AFVAARDIGING NA DIE MINISTER VAN ONDERWYS RAKENDE DIE SITHOLE-GEVAL∗ (bondige opskrif)

1. OPDRAG EN DOEL∗

Opdrag is ontvang van die departementshoof van Bestuurskommunikasie, me. Retha Smit,✓ om ondersoek in te stel na die belangstelling in die afvaardiging van Bestuurskommunikasiestudente op ons kampus sowel as van Bestuurskommunikasiestudente landswyd✓ na die minister van onderwys vir meer inligting oor die Sithole-geval. Die opdrag moes voltooi wees teen (denkbeeldige datum).✓

2. ONDERSOEKMETODES∗

2.1 Vraelys aan Bestuurskommunikasiestudente op ons tuiskampus✓
2.2 Vraelys aan Bestuurskommunikasiestudente landswyd✓
2.3 Onderhoude en vergaderings met studente op ons kampus✓
2.4 Onderhoude en vergaderings met die owerhede op ons kampus✓

3. BEVINDINGE∗

3.1 80% van die Bestuurskommunikasiestudente op ons kampus stel belang in die afvaardiging.✓

3.2 70% van die Bestuurskommunikasiestudente op kampusse landswyd wil betrokke raak.✓

3.3 Die onderhoud met die owerhede op ons kampus het aan die lig gebring dat hulle baie belangstel in die uitslae van so 'n afvaardiging na die minister van onderwys aangesien dit dalk soortgelyke gevalle soos die van Sithole kan voorkom.✓

4. GEVOLGTREKKING∗

'n Oorweldigende meerderheid van studente en ander rolspelers is geesdriftig oor die vooruitsig van so 'n afvaardiging. Dit sal die waarde van 'n sinvolle gesprek met die minister oor sake wat studente direk raak onder die aandag bring.✓✓✓

Kopiereg voorbehou

5. AANBEVELINGS*

Voortgaan met reëlings vir die afvaardiging op (enige datum)✓
Berigte in plaaslike en nasionale koerante asook in die nuusblaaie op kampusse landswyd✓
Dank uitspreek teenoor die betrokke owerhede en studente vir hulle samewerking✓

NAAM/AMP/ADRES/DATUM✓

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
16	9	5

[30]

VRAAG 5: OMSENDBRIEF

KOLLEGE NAAM*

Adres (enige)∗

TEL: (enige)∗

Adres (enige)∗
DORP∗∗
Kode∗

Datum: (nie later nie as 8 April 2019)∗

Beste medestudent∗

AFVAARDIGING NA MINISTER VAN ONDERWYS OOR SITHOLE-GEVAL∗

'n Wonderlike geleentheid om te onderhandel oor toekomstige soortgelyke gevalle✓✓
'n Afvaardiging van 10 plaaslike Bestuurskommunikasiestudente asook studente van kampusse landswyd✓

Gee inligting oor Sithole-geval: meisie het in matriek selfdood toegepas omdat sy nie kon eksamen skryf nie want sy het nie 'n ID besit nie.✓
Datum: 2 Mei 2019. Studente van ander kampusse wat belangstel moet jou kontak vóór 15 April 2019.✓
TYD: Afvaardiging meld om 08:30 aan by minister se kantoor.✓

Byvoorbeeld: Jy sal die skriftelike versoek aan die minister oorhandig. Die versoek aan die minister is om meer duidelikheid te gee oor die Sithole-geval. Jy het 'n tydperk van 20 minute gereël waartydens die afvaardiging aan die minister mag vrae vra. Jy versoek vriendelik, dog dringend, dat die byeenkoms rustig en positief sal verloop.✓✓✓ (enige sinvolle ander)✓

Welwillendheid.✓ Byvoorbeeld: Ons sien uit na u spoedige terugvoer.

Die uwe/semiformele slot∗

TEKEN∗

NAAM∗

AMPSHOEDANIGHEID∗

INHOUD	UITLEG	TAAL/STYL
11	4	5

[20]

TOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou